

# VERSOEK: BYDRAES BY KOLLEKTES VIR TEOLOGIESE STUDENTEKAS

Die Teologiese Skool in Potchefstroom ontvang elke jaar met groot dankbaarheid die kollektes wat die kerke gee vir die Teologiese Studentekas. Ons weet dat die gemeentes daarmee uitvoering gee aan die bepaling van artikel 19 van die Kerkorde dat die kerke die teologiese studente moet ondersteun. Ons ontvang die kollektes egter ook as bewys van welwillendheid en liefde.

Die doel van hierdie brief is om u in te lig oor die stand en hantering van die Studentekas. In die lig daarvan rig ons dan 'n dringende versoek tot u ten opsigte van die kollektes vir die Studentekas.

## 1. Die Teologiese Studentekas

Die Teologiese Studentekas word geadminestreer deur 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO), wat saamgestel is deur personeel van beide die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro. Hierdie Kommissie gebruik elke jaar se Studentekas-kollektes vir teologiese studente wat om finansiële ondersteuning aansoek doen. Die KFO vind dit egter moeilik om die beskikbare fondse altyd en oral met billikheid toe te ken, veral omdat die aansoeke elke jaar die bedrag van die kollektes ver oorskry. Om net 'n idee te gee: Die Studentekas-kollektes het in 2010 die totale bedrag van R815 730 opgelewer. Daarvoor is ons baie dankbaar. Die aansoeke vir 2011, wat uit hierdie kollektes befonds moet word, het in totaal egter op R2 056 000 te staan gekom. Die beskikbare fondse kan dus vanjaar in slegs 40% van die behoeftes voorsien. Die gevolg van die ontoereikende fondse vir die Studentekas was die KFO verplig om in 2011 toekennings te beperk tot die studente se registrasie- en klasgeld. Daar was nie geld om ons studente ten opsigte van verblyf en ander lewenskoste te ondersteun nie.

**Daarom doen die Teologiese Skool 'n ernstige beroep op u as kerkraad om lidmate daartoe aan te spoor om mildelik by te dra elke keer wanneer daar in u gemeente vir die Studentekas gekollekteer word.**

'n Eenvoudige sommetjie spreek boekdele: As elke belydende lidmaat in die GKSA by elk van die 6 kollektes slegs R5 bydra, dan sal ons meer as die R2 056 000 wat nodig is vir die Studentekas beskikbaar hê – genoeg om in al ons studente se behoeftes te voorsien.

Die afgelope jaar was die gemiddelde bydrae per lidmaat egter minder as R2.

Ons rig hiermee 'n pleidooi tot u as kerkraad om lidmate ernstig aan te spoor en op te skerp om ruim tot die Studentekas by te dra. Dit is noodsaaklik dat lidmate maar gedurigdeur herinner word aan die verantwoordelikheid van die kerke ingevolge artikel 19 van ons Kerkorde om nie net studente te voorsien wat in die Teologie studeer nie maar om hulle ook te ondersteun. Elke bydrae vir die Studentekas dra daartoe by dat daar in die toekoms genoeg Woordbedienaars sal wees vir die kerke maar ook om uit te gaan en die evangelie in die wêreld uit te dra.

Baie dankie vir u aandag.

Gert (Jorrie) Jordaan. Rektor TSP.



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres — <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 17 April 2011

Nommer 11

## DIE BYBEL VERVEEL MY

'n Lidmaat sê skokkend eerlik vir my: *Die Bybel verveel my!* Dis die antwoord van 'n verbondskind van God... 'n Kerkganger. Wat is jou reaksie?

- Wat put jy uit jou Bybellees?
- Boei dit jou of beteken dit niks nie?
- Doen jy dit met vreugde of langtand?
- Doen jy moeite om te verstaan?
- Onthou jy wat jy uit die Bybel lees?

Dis darem 'n paar lastige vrae, nê? – maar dit moet beantwoord word! Hoeveel lidmate sit met die kernprobleem: *Ja, die Bybel verveel my!* Daarom is ek nie 'n entoesiastiese, oorgegewe en toegewyde Bybelleser nie.

📖 Een rede kan wees dat jy die Bybel benader soos 'n dooie boek. Onthou die Bybel is God se stem waardeur Hy met jou praat. *Bybellees is 'n gesprek onder vier oë.*

📖 'n Volgende rede kan wees dat jou metode waarvolgens jy die Bybel lees verkeerd is. Jy lees dalk haastig net 'n paar versies uit gewoonte. *Onthou die Bybel is God se Woord waarin een deurlopende boodskap vir die gelowige gegee word.* God sê in die Bybel wie *is* Hy, wat *doen* Hy en wat *wil* Hy. Dit kan jy vind deur 'n klein bietjie inspanning.

📖 'n Ander rede kan wees dat jy onwillekeurig rond en bont in die Bybel lees. Eendag in hierdie boek 'n paar verse en die volgende dag weer in 'n ander deel. En so gaan jy aan. *Onthou die Bybel moet sistematies en ordelik gelees word voordat die boodskap jou hart kan roer.*

Voel jy nie lus om by een van die Bybelstudiegroepe in te skakel nie? Gesels gerus met medelidmate oor hoeveel dit vir hulle beteken. Al wat nodig is, is 1 uur per week. Gemeet teen jou ewige saligheid is dit minder as minimaal. Hoe lyk dit? Sien ons jou hierdie week daar?

*Dr. Nico van der Merwe*



## EREDIENSTE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



### Sondagoggend

#### OPSTANDINGSKRAG OM GRENSE OOR TE STEEK

**Lees:** Joh. 20: 1 – 18

**Teks:** Joh. 20: 16, 17

Maria dink Jesus het opgestaan om presies soos vroeër weer liggaamlik by hulle te wees. Daarom dat Jesus vir haar sê: *“Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie”* (17). Die kern van Jesus se opstanding lê nie bloot daarin om Jesus weer in die lewe te hê nie, maar dat ons hersteldes is voor God ter wille van Christus. Die prys is betaal met sy sterwe, en die oorwinning is behaal met sy opstanding. Dit is die heerlike betekenis van die Paasevangelie! En hierdie evangelie moet grense oorsteek van onontvanklike harte; grense tussen lande. Moenie ‘selfsugtige’ wees nie, dit moet uit, die wêreld in, sodat die koninkryk van die hemele uiteindelik in sy volheid en heerlijkheid kan kom!



### Sondagaand

#### AL HUILENDE GETROOS

**Lees:** Ps. 126:1-6 & 1 Petrus 1:3-9

HK Sondag 1

**Teks:** Ps. 126:5 & 1 Petrus 1:5-6

Die Kategismus is ’n troosboek; ’n belydenisskrif wat vir ons wil leer hoe daar werklik vir ons troos gekom het vanaf ons sondige bestaan, deur die redding wat daar vir ons gekom het, en hoe ons as getroostes vir die Here kan dankie sê dat ons aan Hom behoort danksy Jesus Christus. 1 Petrus 1 en Psalm 126 belig die Kategismus as dit vir ons die teëpool van hartseer beskryf. Die teëpool van leed en hartseer en droefheid ... is hoop! Die wonderlike en onbeskryflike hoop wat deur die evangelie tot ons kom troos ons in lewe en in sterwe.



## NUUS VAN DIE KINDERHUISE

\* ‘n Warm dankie aan almal van u wat deelneem aan die **Pajama-Projek!** Die slaapklere is die afgelope week by die **Rethabile Kinderhuis** afgelewer. Daar was groot dankbaarheid en opgewondenheid onder die kinders.

\* Baie dankie aan die 55-Plussers wat die **Brei-‘n-Blok-projek** geloods het. Dit is vir kombersies vir die Kinderhuis sowel as bejaardes. Die van u wat nog die patroon wil bekom, skakel met Christa Snyman of Martie Venter.

\* Twee diakens en twee ouderlinge het op 12 Maart die **Paul Kruger-Kinderhuis** in Pretoria besoek. Dit was ‘n baie insiggewende oggend. Gevolglik het die Diakonie **10 seuns** “aangeneem”. Dit is die Bonsai-groep, en hul versorger is Annelie Neveling. Die diakonie is besig met ‘n projek om aan al die seuns Bybels te verskaf en het reeds ‘n donasie van R600 ontvang. Daar word beplan om al die Bybels van ‘n byderwetse denim-oortreksel te voorsien. Nog ‘n projek is om houtkassies vir elke bed se voetenent te laat maak. Die kinders het ‘n behoefte daaraan om hulle persoonlike goedjies te kan bêre en toesluit.

**U KAN HELP EN BETROKKE RAAK** deur voorbidding vir die kinders te doen, asook deur skenkings. Hulle het die volgende wenslysie aangestuur:

1. Vakansie- en naweekouers
2. Goeie verekussings
3. Sakkies vir toiletware
4. Drie waaiers wat teen die muur gemonteer kan word
5. Nege plastiese stoele sonder armleunings vir studeertafels
6. Briefies en pakkies ter aanmoediging tydens eksamentye
7. Beskuit en koekies om aan te smul tydens studiebreke
8. Wintersklere (vir seuns van 9, 10, 11, 12, 13, 14 en 19 jaar)

### Kontakpersone:

Hanlie Mocke 083 777 8340  
Martie Venter 073 826 3526

Ons droom vir hierdie jaar is om 200 hoërskooljeug en 100 studente die geleentheid te gee om te kom omgee. Daar is drie opsies waarvoor ingeskryf kan word:

**Gee-geel** gee bedags om en behels onder andere om feesgangers en uitstallers te bedien met gratis koffie, wet-wipes vir vuil kinderhandjies en ander behoeftes soos dit opduik.

**Gee-blou** gee bedags en saans om deur gratis koffie en iets te ete vir logistieke personeel, (sekuriteitsbeamptes, skoonmakers ens.) en feesgangers te gee.

**Gee-rooi** gaan merendeels saans besig wees om persone te help wat nie meer hulself kan help nie. Hulle word 'n veilige plek gegee om nugter te word. Hulle word met liefde uit 'n situasie gehaal waar hulle die gevaar staan om misbruik te word.

Jy kan wys hoe jou HarT klop deur as jongmens saam te kom dien, deur deel te wees van die groepleierspan, deur koffie, beskuit of suiker te skenk. Jy kan ook 'n kind borg (R550 p/p) of 'n finansiële bydrae maak sodat ons liefde nie iets hoef te kos nie.

Raak vandag nog betrokke by die beweging:

e-pos: [hartklop@kruispad.net](mailto:hartklop@kruispad.net) web: [hartklop.kruispad.net](http://hartklop.kruispad.net)

Facebook.com/kruispad

twitter.com/kruispad

Henning Venter (*namens die GKSA Jeugdeputate*)



### 'N MOEILIKE TAAK

'n Jong man het na die Griekse wysgeer Socrates gekom om in die welsprekendheid onderrig te word. Hy was 'n regte kekkelbek en Socrates wat hom toegestaan het as leerling het hom dubbel die gewone klasgeld laat betaal. Want, het hy gesê, ek moet jou 2 dinge leer waarvan die eerste nie minder moeilik is as die tweede nie. Eers leer swyg en leer spreek.

## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 24 April 2011

| Oggenddiens 09:30 |                            |         | Aanddiens 18:00         |         |
|-------------------|----------------------------|---------|-------------------------|---------|
|                   | Lied                       | Bladsy  | Lied                    | Bladsy  |
| 1.                | Psalm 92:1 & 2             | Bl. 466 | Psalm 100:1,2,3,4       | Bl. 494 |
| 2.                | Psalm 130:1 & 2            | Bl. 635 | Psalm 42:3              | Bl. 214 |
| 3.                | Skrifberyming 5-4: 3, 5, 6 |         | Skrifberyming 2-4:1 & 3 |         |
| 4.                | Psalm 33:5 & 11            | Bl. 159 |                         |         |



### DVD-OPNEMER

Die kerkraad het die defekte bandopnemer 'n DVD-opnemer vervang. Enigiemand wat navraag oor 'n DVD-opname het, kan voorlopig vir Diak. Konstand du Plessis nader. ([web@gkklerksdorpnoord.co.za](mailto:web@gkklerksdorpnoord.co.za) of 083 233 3029). Daar sal nog 'n werkswyse vir gereëelde navrae uitgeklaar word.



### BYBELSTUDIEGROEPE

Die Sondagaand en Woensdagoggend Bybelstudie-groepe sal binnekort weer afskop met byeenkomste op die datums wat op die kalender verskyn. Die eerste byeenkoms van die Sondagaand-groep is op 8 Mei na die aanddiens in die konsistorie, terwyl die eerste byeenkoms vir die Woensdag-groep sal plaasvind op 11 Mei om 10:00 by die pastorie. Maak sommer nou al 'n aantekening hiervan in jou dagboek. Ons sal die eerste byeenkomste van beide die groepe gebruik om beplanning te doen van die werk wat ons wil doen in elke groep.



- ♦ Wees groot in die klein dingetjies (Francis Xavier).
- ♦ As jy nie die hele pad wil gaan nie, hoekom hoegenaamd wegtrek?
- ♦ As jy nêrens heen oppad is nie, gaan jy vir seker daar uitkom.

**LIEF EN LEED**

- ✱ **Oudl. Hennie Fourie** het onlangs in die intensiewe eenheid van die hospitaal beland as gevolg van onreëlmatige hartritme. Hy moet nou spesiale medikasie gebruik. Ons is dankbaar dat hy weer op die been is.
- ✱ Ons vra u voorbidding vir die volgende lidmate wat ernstig siek is: **Oom Kosie Smit** en **sr. Vicky Scheepers**. Ons dink ook aan hulle geliefdes in hierdie moeilike tyd.

Bedanking

- ✱ **Br. Venter van die Gereformeerde Kerk Sannieshof** bedank die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord vir die bemoedigende besoeke wat sy vrou, Lynette, ontvang het terwyl sy in die Onkologie-afdeling van die Wilmed-hospitaal behandel is. Sy is reeds ontslaan.

**BEROEPE NUUS – Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**BEROEPE ONTVANG

- **Ds. AF Berg** van Bothaville na Pongola.
- **Ds. TF Dreyer** van Randburg na Potchefstroom-Oos as medeleraar.
- **Ds. JP Kruger** van Wapadrant na Krugersdorp as medeleraar.
- **Ds. LAS Nel** van Elandskraal na Zeerust.

BEROEPE AANVAAR

- **Dr HG Stoker** van Rietvallei na Frankfort.

BEROEPE BEDANK

- **Ds. PC van Rooy** van Komatipoort na Oos Londen.



Die Jeugdeputate van die GKSA stel bekend:  
**HarTklop 2011**

Handelinge 20:35: "**Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.**"

Dalk weet jy nog nie van **HarTklop** nie, maar binnekort gaan jy dit self voel. **HarTklop** is nie 'n aksie of 'n program wat ons vir ons jeug wil aanbied nie. Dit is 'n beweging, 'n manier van doen wat ons graag by elke jongmens wil vestig. Hier is 'n geleentheid om tasbaar en opreg, sonder enige voorwaardes, om te gee vir mense.

Tydens Aardklop 2011, vanaf 4 tot 8 Oktober, gaan ons aan 350 jongmense die geleentheid gee om die liefde van Jesus Christus te doen. Daar is geen fondsinsameling, uitdeel van traktaatjies en uitgerekte opleiding nie. Hier gaan gegee word: liefde, iets te drinke, iets te ete, jouself!

Graag deel ons met jou die HarT van HarTklop sodat jy met hart en siel op die omgeebus kan klim:

Aardklop-kunste fees is goed bekend vir sy wonderlike bydrae tot die kunste. Hier word 'n groot massa mense saamgebring om hul behoeftes te bevredig. Uitstallings, opvoerings, lewendige vermaak, en heerlike eetgoed is van die trekpleisters.

Aardklop word bygewoon deur feesgangers uit elke staat van die lewe, maar ook deur mense wat deel vorm van die logistieke: sekuriteitspersoneel, koerantverkopers, skoonmakers, vragmotorbestuurders. Voeg daarby die groeiende hoeveelheid mense wat hulle vergryp aan die begeertes van die liggaam, naamlik drank, dwelms, seks ensovoorts, en jy het werklik 'n veelkleurige samestelling.

Ons HarT is om hierdie mense op verskillende maniere te

bedien met die liefde van ons Here.

(Blaai om asb.)

**8. SIMBAAL 17 April 2011**

**JAARKURSUS IN PASTORALE SORG EN TRAUMA BERADING  
POTCHEFSTROOM – Prof Wentzel Coetzer**

**Duur van kursus:** 1 Julie 2011 – 30 Junie 2012

**Werkswinkels:** Vier werksinkels van vier dae elk en vier werkopdragte. Indien die werksinkels nie bygewoon kan word nie moet die CD's aangekoop word wat die inhoud van die werksinkels bevat.

**Module 1:** Krisis en trauma berading (berading van getraumatiseerde persoon, ontlofting en nasorg, intergeneratiewe trauma)

**Module 2:** Innerlike genesing en gebedsterapie (rol van gebed; verwerping; vergifnis; innerlike genesing betreffende die huwelik).

**Module 3:** Die noue wisselwerking tussen liggaam, gees en emosies (depressie; stres; uitbranding; die bydrae deur breinskandering; liggaamlike probleme as gevolg van onverwerkte trauma).

**Module 4:** Verdere kritiese areas (seksualiteit wat insluit verkragting, aborsie en seksuele verslawing; eetversteurings; hospitaal pastoraat; toksiese godsdiens).

**Registrasie sperdatum:** 15 Junie 2011.

**Navrae:** Prof Wentzel Coetzer by: [wentzelcoetzer@telkomsa.net](mailto:wentzelcoetzer@telkomsa.net)  
of  
[wentzel.coetzer@nwu.ac.za](mailto:wentzel.coetzer@nwu.ac.za)

Tel nr: 018-2947457 (h)

Sel: 0836600409

**SIMBAAL 17 April 2011**

**5.**

**VERSOEK: BYDRAES TOT HULPFONDS  
VIR TEOLOGIESE STUDENTE**

Die Teologiese Skool in Potchefstroom ontvang elke jaar met groot dankbaarheid die kollekte wat die kerke gee vir die Teologiese Studentekas. Die Teologiese Studentekas word gadministreer deur 'n Kommissie vir Finansiële Ondersteuning (KFO), wat saamgestel is deur personeel van beide die Teologiese Skool en die Administratiewe Buro. Hierdie Kommissie gebruik elke jaar se Studentekas-kollekte vir teologiese studente wat om finansiële ondersteuning aansoek doen.

Dit blyk egter nou al vir die afgelope paar jaar dat die Studentekas-kollekte net genoeg geld oplewer om vir die behoeftige studente se klas- en registrasiegeld by de Universiteit te betaal. Daar is nie genoeg fondse om werklik behoeftige studente ook in hulle behoeftes ten opsigte van verblyf en lewenskoste te ondersteun nie.

Daarom het die vorige rektor van die Teologiese Skool, prof. Ben de Klerk, 'n **Hulpfonds** in die lewe geroep om te voorsien in besondere nood wat daar by ons teologiese studente opduik. Die nood kom klop op verskeie maniere aan:

- Daar is heelwat behoeftige studente wat geen finansiële ondersteuning van gemeentes, ouers, familie of vriende het nie. Die enigste ondersteuning wat hulle ontvang, is uit die Studentekas. Dit is die geval met verskeie studente uit die Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA. Met studente uit die anderstalige gemeentes is dit merendeels die geval. Boonop het ons ook studente van ander Gereformeerde Kerke elders in Afrika. Sulke studente het fondse nodig vir verblyf en ander lewenskoste, waarvoor die Studentekas op hierdie stadium nie voorsiening maak nie.
- Dit gebeur ook dat daar in die loop van die jaar finansiële nood as gevolg van bv. onverwagte mediese uitgawes by 'n student opduik. Soms gebeur dit ook dat 'n behoeftige student vir hulp kom aanklop omdat hy nie kos of klere het nie. In sulke gevalle moet daar fondse beskikbaar wees om te help.

Aan die begin van 2011 het die totale beskikbare bedrag van die Hulpfonds te staan gekom op R355 000. Die grootste deel daarvan moes aangewend word om die heel behoeftigste studente te help met verblyf en daaglikse lewensonderhoud. Hoewel die KFO met groot versigtigheid hierdie fondse aangewend het, is die nood so groot dat die fonds alreeds feitlik in geheel uitgeput is – en die grootste deel van die jaar lê nog voor.

**6. SIMBAAL 17 April 2011**

Aangesien die Hulpfonds aangewend word op 'n terrein wat dié van diakonale werksaamheid is, neem ons die vrymoedigheid om te vra dat diakonieë waar moontlik ernstig sal oorweeg om ruim tot hierdie fonds by te dra.

Die KFO onderneem om gereeld, in 'n rondskrywe soos hierdie, die kerke op hoogte te hou van die stand en besteding van die fonds.

Vir u inligting verskaf ons die volgende besonderhede oor ons studente:

- Daar is in 2011 'n totaal van 68 studente by die Teologiese Skool wat op een of ander stadium van hulle opleiding is. Van die 68 studente is daar 50 wat uit Afrikaanssprekende gemeentes afkomstig is en 18 uit die ander gemeentes van die GKSA, waarvan 4 uit Zimbabwe kom.
- Die meeste van die 68 studente is afhanklik van finansiële ondersteuning vanuit die Studentekas om hulle studie te kan voltooi. Daar is egter 36 studente wat as werklik behoeftig beskou moet word, en wat min of geen ander ondersteuningsbron het nie.
- Van die 36 werklik behoeftige studente is 20 uit die Afrikaanssprekende gemeentes en 16 uit die ander gemeentes afkomstig.
- Van die 26 werklik behoeftige studente is 9 getroud, die meeste van hulle met een of meer afhanklike kinders.

Die koste van studenteverblyf in Potchefstroom is hoog. Die goedkoopste woonstelle kos ongeveer R1 800 per maand en die goedkoopste studentekamers ongeveer R1 200 per maand (elektrisiteit ingesluit).

Met 'n beroep op die gemeenskap van die gelowiges, soos onder andere verwoord in artikel 19 van ons Kerkorde, doen die Teologiese Skool 'n ernstige beroep op u om een of meer van die volgende te oorweeg:

- (1) Dat die diakonie 'n bydrae tot die Hulpfonds maak;
- (2) Dat die diakonie onderneem om 'n besondere verhouding met een van die werklik behoeftige studente aan te gaan en hom finansiëel by te staan om sy studie te voltooi;
- (3) Dat die diakonie die boodskap dalk vir lidmate wat graag op hul eie sou wil help en nie inligting het nie, deurgee.

Verdere navrae kan by een van die volgende gekry word:

[gert.jordaan@nwu.ac.za](mailto:gert.jordaan@nwu.ac.za)

[leo.vanschaik@absamail.co.za](mailto:leo.vanschaik@absamail.co.za)

**SIMBAAL 17 April 2011****7.****KOLLEKTES**

| Datum    | By die diakens | Sakkies by die deure |
|----------|----------------|----------------------|
| 24 April | Barmhartigheid | Teologiese Studente  |
| 1 Mei    | Barmhartigheid | Thuso-fonds          |
| 8 Mei    | Barmhartigheid | Christelike Onderwys |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 24 April tot Saterdag 30 April 2010

|                      |             |             |
|----------------------|-------------|-------------|
| Sondag 24 April 2011 | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 24 April 2011 | Erediens    | 18:00-19:00 |

**TEESKINKBEURTE**

|                      |               |
|----------------------|---------------|
| Sondag 24 April 2011 | Geen teeskink |
| Sondag 1 Mei 2011    | Geen teeskink |
| Sondag 8 Mei 2010    | Wyke 5 & 6    |

**Verjaarsdae**

|                                                                                       |                      |
|---------------------------------------------------------------------------------------|----------------------|
| 25 April                                                                              | Nic Pieters          |
| 30 April                                                                              | Sophia van der Merwe |
| Ons wens julle net die beste toe vir julle nuwe lewensjaar. Geniet julle verjaarsdae! |                      |

**Uit die Woord**

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

(Efesiërs 5:1-2)

**Wyse Woorde**

Wie iemand anders teen 'n opdraand uithelp, kom self ook bo.

(Henri JM Nouwen)

